# Gedig

Antjie Krog

**Liewe Anastasia,**

jy het jou lewe soos ’n mens in jou arms gedra

dat beroerte en die dood jou kom haal het
terwyl die spel van taal, die spasma van letterkunde op jou lippe was
is passend by iemand soos jy:  skrywend-tot-die-droesem-toe

jy wat met daardie donker skerp peilende oë
vreesloos kern van kaf, skitter van skimmel
marges van manipulasie kon onderskei
en ongeagtes kon laat opstaan in woorde

om onreg uit te skryf, was jou koppigste begeerte
om suksesvol ander te versterk, jou diepste geluk
dat so ’n groot hart so vroeg haar takdun liggaam verlaat het
dat ons so voortydig
        jou bekende laggende gesig moet groet, is ondenkbaar
maar om nooit weer ’n deur na jou toe oop te maak nie, liewe Anastasia,
                                        is onverduurbaar…

tydens die Katolieke mis vir jou Saterdag
het ek ineens diep gewens, gehoop, gesmag
dat jy werklik anderkant die dood kan opstaan
dat jy werklik deur sagruisende vlerke, engele, kore en wierook
        in ’n nuwe lewe wakker gemaak kan word
        ’n lewe wat hierdie keer reg aan jou laat geskied
dat jy uitgelei word in lieflike weivelde wat koesterend-sag is op jou vel
dat waters van rus en tuine van koelte
            jou van alle so-goed-weggesteekte apartheidsletsels genees
dat jy jonk en laggend, vry en bemind kan hardloop in ’n seënende hiernamaals
dit het ek gewens
dit het ek gewens